TS 79/0062
Nr. Klas TB263.3 CAN

TEOLOGIESE SKOOL
GEREFORMEERDE KERK

U LIG EN U WAARHEID

BIBLIOTEEK
GESKENK DEUR
v. E. T. van Kerken

TB263.3 CAN
TS79/62
Canright, D.M.
Sabbat
...nder...

# Wie het die Sabbat tot Sondag Verander —

## Keiser Konstantyn of die Roomse Pous?

DEUR
D. M. CANRIGHT

*In Afrikaans vertaal deur*
Ds. H. C. J. FLEMMING
BLOEMFONTEIN

N.G. KERK-UITGEWERS

Uitgegee deur
N.G. KERK-UITGEWERS
Posbus 4539, Kaapstad Posbus 245, Pretoria
**Prys: 6d. elk of £2 per 100**

*Alle Christelike Boeke,*
*Kersfeeskaartjies,*
*Kerklike Benodigdhede,*
*ens.*

*is verkrygbaar by:*

**N.G. KERK-UITGEWERS**

POSBUS 4539, KAAPSTAD
POSBUS 245, PRETORIA

## 'N WOORD VOORAF

HIERDIE hoofstuk is met skriftelike vergunning van die uitgewers vertaal uit die boek: *Seventh-day Adventism Renounced* deur Revd. D. M. Canright, wat 28 jaar lank 'n vooraanstaande Sabbatariër en prediker was.

Omdat Sabbatariërs, wanneer mens na Canright verwys, die onwaarheid beweer dat hy berou gehad het oor sy wegbreek en probeer het om terug te kom, dog hulle hom nie weer wou opneem nie, laat ons Canright hier sy eie standpunt verdedig in sy: *My Present Standing* (bladsy 9). Hy skrywe as volg:

„Wanneer 'n vooraanstaande man een kerk of groep verlaat en by 'n opponerende kerk aansluit en sy redes daarvoor aangee, moet hy verwag dat sy ou metgeselle hom sal antwoord. Ek het in my geval, toe ek die adventisme verwerp het, geen uitsondering verwag nie; daarom was daar vir my geen teleurstelling nie.

„Die groot meerderheid van my vroeëre broeders was baie vriendskaplik teenoor my en het my vriendelik behandel. 'n Paar, baie min, het andersom opgetree. Hulle doel was om my invloed te verydel teen wat hulle as die werk van die Here beskou het. Hierdie paar het die gerug begin versprei dat ek spyt gekry het dat ek die adventisme verlaat het, dat ek so gesê het, dat ek probeer het om terug te keer na hulle, erken het dat my boek vals was, en sommige het gesê dat ek baie arm was, 'n liggaamlike en verstandelike wrak, met geen hoop op herstel nie, ens. Hierdie gerugte was as feite deur eerlike broeders aanvaar en herhaal, totdat dit deur baie Adventiste oor die hele wêreld geglo is.

„Ek het dit op elke moontlike manier ontken, maar dit word steeds geglo en herhaal en dit sal sonder twyfel altyd die geval wees. Ek laat dit oor aan God om tussen ons te oordeel.

*„Ek bevestig nou hier vir die honderdste keer plegtig voor God dat ek adventisme verwerp het omdat ek glo dat dit 'n dwaling is. Ek het nooit een keer berou gehad dat ek dit gedoen het nie; het dit nooit vir enige persoon te kenne gegee dat ek die geringste begeerte had om na daardie mense terug te keer nie.* Dit sou onmoontlik wees vir my om so 'n ding te doen en 'n eerlike man te wees. Ek is nou (1915) gesond na liggaam en verstand, besit 'n goeie huis en het vier groot kinders op wie enige man trots kan wees."

Nasionale Handelsdrukkery Beperk, Elsiesrivier.
1957

## HET KEISER KONSTANTYN DIE SABBAT VERANDER?

DIT is 'n algemene gebruik onder die Sabbatariërs om na die wet van Konstantyn te verwys as 'n hooffaktor om die Sabbat tot Sondag te verander. Daar was nooit enige waarheid in hierdie beskuldiging nie, maar ouderling Waggoner erken nou alles en erken ook dat dit met die verandering van die Sabbat hoegenaamd niks te doen gehad het nie. „Konstantyn het in sy dekrete nie een woord gesê vir of teen die viering van die Sabbat van die Bybel nie." „Dit is veilig om te bevestig dat daar in die tyd van Konstantyn òf deur homself òf deur enige ander persoon niks gedoen is wat die geringste skyn van die verandering van die Sabbat het nie." [1])

Dit is die waarheid en 'n goeie belydenis, hoewel dit alles weerspreek wat hulle tot hiertoe beweer het.

### Die Sondagwet van Konstantyn en die Doel Daarvan

In 321 n.C. het Konstantyn, die eerste Christenkeiser van Rome, die volgende edik uitgevaardig: „Laat al die regters en dorpsbewoners en die werksaamhede van alle ambagte op die eerbiedwaardige dag van die son rus, maar laat diegene wat op die platteland woonagtig is, ten volle vry wees om hulle aan landboubedrywighede te wy — want dit is dikwels die geval dat geen ander dag so geskik is om koring te saai en wingerde te plant nie — sodat hulle nie, deurdat hulle die kritieke tydstip laat verbygly, die gawes wat deur die hemel geskenk word, verbeur nie."

Die eenvoudige feite in verband met hierdie wet is die volgende: *Christene, vanaf die dae van die apostels, het die eerste dag van die week gehou, maar daar was geen burgerlike wet wat hulle hierin kon beskerm of bystaan nie.* Teen hierdie tyd was hul getalsterkte groot en het hul invloed in die Ryk geweldig toegeneem. Die ou heidense geloof het voor hulle in duie gestort. Konstantyn, om die minste te sê, was die Christendom

[1]) *Replies to Elder Canright*, bl. 150.

goedgesind. Sy ouers was Christene. Hy was skerpsinnig genoeg om te sien dat dit tot sy voordeel was om hierdie nuwe en opkomende geloof te bevoorreg. Daarom het hy, sodra hy openlik die Christendom bely het, verskeie edikte uitgevaardig wat dit op verskillende maniere begunstig het en o.a. hierdie een in verband met die Sondag. Die Ensiklopedie van Schaff-Hertzog stel dit tereg as volg: „Hy was ongetwyfeld oortuig van die sterker aanspraak van die Christendom as die opkomende geloof, maar sy bekering was eerder 'n verandering van beleid as 'n verandering van morele gedrag (moral character).... Hy het die Christendom goed geken, maar alleen as 'n mag in die Romeinse Ryk en as 'n wyse en versiende staatsman het hy dit beskerm.... Sy eerste edik betreffende die Christene (Rome, 312) het verlore gegaan. Deur die tweede (Milaan, 313) het hy aan hulle gegee nie alleen vryheid van godsdiens en erkenning deur die staat nie, maar ook vergoeding vir vroeëre verliese deur hulle gely.... 'n Reeks van edikte van 315, 316, 319, 321 en 323 het die ommekeer voltooi. Christene is tot die staatsdiens toegelaat.... 'n Edik van 321 het die viering van die Sondag, deur die staking van alle werk in die openbaar, beveel."

Dit is duidelik dat hierdie wet alleen een van sewe was wat die Christene bevoorreg het. (1) Dit is nie gemaak om die heidene te begunstig of te behaag nie, want, soos dit hierbo blyk, hulle het nie die Sondag gehou nie. (2) Soos ons reeds bewys het, het die Christene almal Sondag gehou; daarom sou hierdie wet hulle begunstig en hulle goedkeuring wegdra. (3) Die edik was nie tot die Christene gerig nie, want hulle het nie so 'n wet nodig gehad nie, omdat hulle reeds die Sondag vrywilliglik gehou het. (4) Dit was nie in Christelike terme, „die dag van die Here," bewoord nie, omdat dit tot die heidene gerig was. (5) Dit was gestel in heidense terme, „dag van die son," sodat hulle dit kon verstaan en dit vir hulle minder aanstoot kon gee. *Hierdie wet het dan geen verandering in die hou van die Sondag deur die Christene gemaak nie, maar dit het vir daardie dag beter erkenning verkry deurdat vereis is dat elkeen, heidene en almal, op daardie dag hul werk moet staak.* Maar dit word gesê dat hierdie wet van Konstantyn, 321 n.C., die eerste wet is wat arbeid op Sondag verbied. Heeltemal waar, maar waarom? Omdat niemand anders as die Christene geglo het dat dit verkeerd is om op daardie dag te werk nie en tot op daardie datum het die Christene geen mag gehad om wette te maak nie en daarom kon hulle nie 'n wet gemaak het om die Sondag te vier nie, al het hulle dit ook begeer. Dit is opmerklik dat die *eerste* keiser wat die Christendom begunstig het onder 'n reeks van wette wat die Christene begunstig het, 'n siviele wet gepasseer het wat arbeid op Sondae verbied het.

Dat hierdie wet gemaak is *op versoek van die Christene*, word nou deur Sabbatariërs erken. So sê ouderling A. T. Jones: „Dit is bewys dat die eerste Sondagwet wat ooit gepasseer is, gemaak is op versoek van die kerk; dit was ten behoewe van die kerk en dit was uitdruklik om die kerk te help." [2]) Presies so, *en dit bewys dat die kerk die dag gehou het voordat die wet gemaak is.* Dit is 'n dwaasheid om te sê dat die heidene altyd die Sondag gehou het en tog nooit enige wet dienooreenkomstig gemaak het nie. Soos die Sabbatariërs almal toegee, is die eerste Sondagwet gemaak om die Christene te begunstig. Dit bewys dat *die Sondagviering toe beskou is as 'n essensiële deel van die Christendom.* Van hierdie wet sê Mosheim: „Die eerste dag van die week wat die gewone en vasgestelde tyd vir die hou van openbare byeenkomste deur die Christene was, is ten gevolge van die eienaardige wet van Konstantyn, met groter plegtigheid as tevore gehou." [3])

Hierdie wet, gerig tot heidene wat altyd op Sondag gewerk het, het die staking van besigheid op daardie dag vereis en het so vir die Christene 'n beter geleentheid as vroeër gegee om die Sondag te hou. Waar die kerklike geskiedkundige Sozomen oor Konstantyn skrywe,

[2]) *Battle Creek Journal*, 11 Des., 1888.
[3]) Mosheim, *Century 4*, part 2, chapter 4, section 5.

sê hy: „Hy het ook die waarneming van die dag, bekend as die Dag van die Here, opgelê.... Hy het die Dag van die Here geëerbiedig omdat dit die dag was waarop Christus uit die dood opgestaan het." [4])

*Dit was dus ter wille van die Sondag as 'n Christelike dag, en nie as 'n heidense feesdag nie, dat hierdie wet gemaak is.*

**Wanneer en Waar het die Pous die Sabbat Verander?**

Ek het by die Sabbatariërs daarop aangedring om die tyd en plek te noem wanneer en waar die Sabbat deur die pous verander is, asook die naam van die pous en die feite in verband met so 'n verandering, indien dit ooit plaasgevind het. Vererg hierdeur het ouderling Waggoner die reusetaak onderneem. 'n Meer flagrante voorbeeld van wanvoorstelling en verdraaiing is moeilik te vind. Uiteindelik het hy besluit op die Konsilie Laodicea, 364 n.C., as die plek en tyd wat die Sabbat verander is. Die 29ste kanon van hierdie Konsilie lees as volg: „Christene behoort nie te verjoods en op die Sabbat te rus nie, maar behoort daarop te werk, en terwyl hulle voorkeur aan die Dag van die Here gee, moet hulle, indien moontlik, as Christene, rus. Daarom, indien dit bevind word dat hulle verjoods (judaize), laat hulle dan van Christus vervloek wees." Hierop sê die ouderling: „As dit nou nie die verandering van die Sabbat beteken nie, sal ek besonder graag wil weet wat dit beteken." „Nou maak ek daarop aanspraak dat ek ten volle voldoen het aan sy eis; ek het die tyd, die plek en die outoriteit wat die Sabbat verander het, aangedui." [5]) Hy beweer dat dit 'n „Katolieke Konsilie" was en dat „historici" in die verlede en in die later tyd baie melding gemaak het van hierdie Konsilie. Laat ons nou sy stellinge ontleed:

---

[4]) *Eccl. Hist.*, bl. 22.

[5]) *Replies to Canright*, bl. 141, 151.

SY STELLINGE ONTLEED:

1. Indien die Sabbat deur die pous op hierdie bepaalde tydstip tot Sondag verander is, soos hy beweer, dan is dit sekerlik nie voor die tyd en ook nie na die tyd en ook nie op enige ander plek verander nie. Indien hierdie stelling dus misluk, is hul hele saak verlore. Laat die leser op hierdie belangrike feit let!

2. Hy *erken* dat elke geleerde weet dat tot ná die tyd van Konstantyn die Biskop van Rome „geen gesag hoegenaamd bo die ander biskoppe" gehad het nie en dat hy dus nie die Sabbat vóór die tyd kon verander het nie. Hy sê: „Dit was Konstantyn self wat die fondament van die pousdom gelê het." [6]) Sekerlik, die pousdom het nie bestaan voordat sy fondament gelê is nie.

3. Hy erken, soos hierbo, dat Konstantyn niks gedoen het om die Sabbat te verander nie.

4. Maar ons het oorvloediglik in die voorafgaande bladsye bewys dat alle Christene lank vóór hierdie datum eensgesind was in die eerbiediging van die Dag van die Here. Hierdie een eenvoudige feit bewys die absolute absurditeit van die bewering dat die Sondag te Laodicea in 364 n.C. verander is of deur die pousdom te enigertyd.

5. In die jaar 324, of net 40 jaar voor die Konsilie van Laodicea, het Eusebius, biskop van Cesarea, Palestina, sy beroemde geskiedenis van die Christendom geskryf. Hy het elke moontlike geleentheid gehad om te wete te kom wat Christene dwarsdeur die wêreld gedoen het. Hy sê: „En alle dinge wat ook al die plig was om op die Sabbat te doen, dit het ons oorgedra op die Dag van die Here as meer eerbiedwaardig as die Joodse Sabbat." [7])

Dit is die geval met die Sabbat en die Sondag 40 jaar vóór Laodicea. *Hulle het nie die Sabbat gehou nie, maar die Dag van die Here en het alle dinge daarop oorgedra.* Hoeveel waarheid kan daar dan in die stelling wees dat die Sabbat veertig jaar later deur die pous tot die Sondag

---

[6]) *Replies to Elder Canright*, bl. 148.

[7]) Aangehaal in *Sabbath Manual*, bl. 127.

verander is? Skande vir sulke brutale pogings om die waarheid te verdraai! Maar laat ons betreffende die Konsilie van Laodicea na die ware feite kyk. Sabbatariërs maak aanspraak op twee dinge, nl. dat die Sabbat deur die Roomse Kerk verander is en dat dit op gesag van die pous gedoen is. Dan kies hulle Laodicea as die plek en tyd. Maar

**dit kon nie Laodicea gewees het nie.**

1. Laodicea is nie Rome nie. Dit is geleë in Klein-Asië, meer as 1,000 myl van Rome. Dit was in Asië, nie in Europa nie. Dit was 'n Oosterse, nie 'n Westerse stad nie; 'n Oosterse, nie 'n Latynse stad nie.
2. Dit was 'n Griekse stad, nie 'n Romeinse stad nie.
3. Die pous van Rome het hierdie Konsilie van Laodicea in 364 n.C. nie bygewoon nie. Beweer Waggoner dat hy dit wel bygewoon het? Nee, hy durf dit nie waag nie.
4. Die pous het dit nie bygewoon nie en ook nie 'n afgevaardigde of wie ook al anders gestuur om hom te verteenwoordig nie. Trouens, nòg die Rooms-Katolieke Kerk, nòg die pous het enigiets, in watter vorm of op watter wyse ook al, met hierdie Konsilie te doen gehad. Dit is sonder hul kennis en hul toestemming gehou.
5. Op hierdie vroeë datum, 364 n.C., het die pouse, of liewer die biskoppe van Rome, geen gesag oor ander biskoppe gehad nie. Dit was eers 200 jaar later dat hulle met gesag oor die Westerse kerke beklee is. Selfs toe is hul gesag hardnekkig vir eeue deur die Ooste, waar hierdie Konsilie gehou is, teengestaan. Vgl. Bower se *History of the Popes*, of enige ander kerkgeskiedenis. Oor Sylvester, wat biskop in Rome was in 314—336 n.C., d.w.s. slegs 28 jaar vóór die Konsilie van Laodicea, sê ouderling Waggoner: „Die biskop van Rome het toe nog nie enige gesag oor die ander biskoppe verkry nie." [8]) Het hulle dan in die volgende 28 jaar die gesag gekry om dwarsdeur die wêreld die hou van die Sabbat van die een dag na die ander te verander? Onsinnig!

[8]) *Replies to Canright*, bl. 143.

6. Liberius was biskop van Rome tydens hierdie Konsilie van Laodicea. Hy is as pous afgesit, verban en met die grootste veragting behandel. Bower sê dat om 'n einde te maak aan sy ballingskap, Liberius „op 'n mees onderdanige en kruipende wyse aan die Oosterse biskoppe geskryf het." [9]) En dit was die pous wat die Sabbat op 'n Konsilie van hierdie selfde Oosterse biskoppe, 1,000 myl ver, wat hy nooit bygewoon het nie, sou verander het!

7. Die Konsilie van Laodicea was bloot 'n plaaslike vergadering, 'n klein, onbelangrike saak en glad nie 'n algemene Konsilie nie. Ouderling Waggoner vergroot dit tot 'n groot „Katolieke (algemene) Konsilie"; dit is 'n totale valse aanspraak! Die *algemene* Konsilies was dié van (1) Nicea, 325 n.C.; (2) Konstantinopel, 381 n.C.; (3) Efese, 431 n.C.; ens. Vgl. die lys in *Johnson's Cyclopedia* of enige geskiedenis. Bower gee in sy omvattende werk, *History of the Popes*, 'n uiteensetting van al die algemene Konsilies, die belangrike plaaslike Konsilies en almal waarmee Rome of die pouse te doen gehad het, maar hy noem nie eens hierdie een van Laodicea nie. Hy noem baie Konsilies wat in hierdie tyd gehou is maar noem nie hierdie een nie. Hy sê: „Verskeie ander Konsilies is gehou vanaf die jaar 363 tot 368 waarvan ons geen besondere verslag het nie." [10]) Ek het deur 'n aantal ensiklopedieë en kerkgeskiedenisse gesoek en kan in sommige glad geen vermelding en in ander alleen 'n paar reëls oor die Konsilie van Laodicea vind. Rev. W. Armstrong, 'n geleerde van Canton, Pa., sê: „Hierdie Konsilie word nie eens vermeld deur Mosheim, Milner, Ruter, Reeves, Socrates, Sozomen, ook nie in die werke van vier ander geskiedkundiges op my tafel nie." McClintock en Strong se ensiklopedie sê: „Twee-en-dertig biskoppe uit verskillende provinsies in Asië was teenwoordig." Almal biskoppe van die Oosterse Kerk, *nie een van die Roome Kerk nie!* En tog was *dit* die tyd en

[9]) *History of the Popes*, vol. I, bl. 64.
[10]) *History of the Popes*, vol. I, bl. 64.

plek wat die Roomse Kerk en die pous die Sabbat verander het!

8. Dink nou daaraan: hierdie klein plaaslike Konsilie van twee-en-dertig biskoppe skep die ganse wêreld om wat betref die waarneming van die Sabbat!

9. Die waarheid is dat hierdie Konsilie eenvoudig in hierdie omgewing 'n reeds lang bestaande instelling, die Dag van die Here, gereël het, net soos die een Konsilie na die ander dit daarná gedoen het. As dit die Sabbat tot die Sondag *verander* het, dan is dit 'n honderd maal sedertdien verander! Sabbatariërs verwys na hierdie verskillende reëlings as soveel stappe in die verandering van die Sabbat, selfs wanneer hierdie stappe net so min verband met die saak hou as die besluite betreffende die eerbiediging van die Sondag wat nou jaar na jaar deur ons godsdienstige vergaderings geneem word. Ouderling Waggoner maak die volgende juiste stelling: „Die dekrete van Konsilies was oor die algemeen nie arbitrêre wette wat sê *hoe* dit moet wees nie; inteendeel, hulle was die formulering van heersende denkwyse en praktyke van die tyd .... Onfeilbaarheid is aan die pous toegeskryf honderde jare voordat dit 'n dogma van die Kerk geword het." [11]) *Presies so; en so is die Dag van die Here deur die Kerk waargeneem honderde jare voordat dit in die Konsilie van Laodicea genoem is.*

10. Die kerk van Laodicea waar hierdie Konsilie gehou is, is deur Paulus self gestig (vgl. Kol. 4 : 13, 16; 1 Tim. 6 tot einde van Sendbrief). Dit was een van die sewe gemeentes (kerke) aan wie Johannes geskryf het (Openb. 3 : 14). Dit moet dus aangeneem word dat die gemeente goed onderlê en gegrond was in die leerstellinge van die apostels. Tussen Paulus en hierdie Konsilie, d.w.s. 270 n.C., was Anatolius biskop van Laodicea. Hy skryf: „Ons eerbied vir die opstanding van die Here wat plaasgevind het op die Dag van die Here, sal ons lei om dit te vier op dieselfde beginsel" (Kanon 16). *Hier vind ons dat daardie gemeente die Sondag 'n honderd jaar vóór hierdie Konsilie gehou het.*

11. Ten slotte, as die Konsilie van Laodicea die Sabbat verander het, soos die Sabbatariërs sê, dan is dit deur die Griekse kerk in plaas van deur die Roomse kerk verander; verander deur die Oosterse kerke waaroor Rome geen gesag gehad het nie; verander vóórdat die pousdom ontstaan het, vóórdat die pous enige gesag oor die Ooste gehad het, deur 'n klein plaaslike kerkvergadering wat nòg deur die pous nòg deur enige van sy amptenare bygewoon is. Die absurditeit van hierdie bewering is vanselfsprekend sonder verdere argumente.

## Persoonlike Getuienis

Vir baie jare het ek hierdie valse stellinge van die Sabbatariërs, soos al hul bekeerlinge, as die onverbloemde waarheid aanvaar. Ek het geen geleentheid gehad om beter te weet nie. Ek het vurigIik gepreek wat ek in hul boeke gelees het en ek het honderde, nog onkundiger as ek, beweeg om dit te glo. Geleidelik het die waarheid dat ek mislei is, tot my deurgedring, maar dit het my toe jare geneem om op die hoogte van die ware feite in verband met die saak te kom en om myself van die bygeloof wat my gebind het, los te maak. Nou het ek die saak ondersoek, sodat ek ten volle oortuig is dat hulle, om hul valse teorieë gestand te doen, die eenvoudigste feite van die geskiedenis die grootste geweld aandoen. Die bewering dat die pous die Sabbat verander het, is 'n goeie voorbeeld van die res van hul beweringe.

## Verdraaiing van die Roomse Kategismus

Selfs die leringe van die Roomse Kategismus word verkeerd voorgestel. Die teorie is dat die pous enige honderde jare ná Christus op eie gesag die Sabbat verander het, en die Kategismus word só verklaar om hierdie idee te verkondig. Maar al hierdie Rooms-Katolieke aanhalings verklaar duidelik dat die verandering van die Sabbat *nie deur die Pous nie,* maar „deur die Kerk" in

[11]) *Fathers of the Catholic Church,* bl. 333.

die dae van Christus en die apostels gemaak is, en nie gedurende enige honderde jare daarna nie. Let op:

*„Vraag: Watter dae beveel die Kerk om as heilige dae te vier?*

*„Antwoord: 1. Die Sondag of die Dag van die Here, wat ons deur apostoliese oorlewering waarneem, in plaas van die Sabbat."* [12])

Uit dieselfde werk haal ons die volgende aan:

*„Vraag: Op watter gesag vier jy die Sondag in plaas van die outydse Sabbat, wat die Saterdag was?*

*„Antwoord: Daarvoor het ons die gesag van die Katolieke Kerk en Apostoliese tradisie."*

Rooms-Katolieke, maak daarop aanspraak dat hul „Kerk" in die dae van die apostels ontstaan het, en enige verandering wat deur die Apostoliese Kerk gemaak is, gedoen is deur die Rooms-Katolieke Kerk. Derhalwe maak hulle daarop aanspraak dat die „Katolieke Kerk" die Sabbat verander het in die dae van die apostels. Adventiste maak gebruik van hierdie aanhalings uit die Kategismus en verklaar dit só dat die verandering deur die afvallige pouse honderde jare ná die apostels gemaak is. Maar die Kategismus maak glad nie op so iets aanspraak nie, soos blyk uit die bogenoemde aanhalings. Dus leer selfs die Kategismus, as dit onbevooroordeeld gelees word, *dat Sondagviering sy oorsprong het in die Christelike Kerk in die dae van die apostels* — en dit is presies die waarheid!

Hoe verkeerd die Adventiste die leringe van die Rooms-Katolieke voorstel, blyk ook verder uit die volgende:

GETUIENIS VAN 'N KATOLIEKE PRIESTER:

„Aangesien ek jare onder die Sewende-dag-adventiste gewoon het, is ek goed bekend met hul bewerings dat die pous van Rome die Sabbat van die sewende tot die eerste dag van die week verander het. Sodanige bewerings is totaal ongegrond. Rooms-Katolieke beweer nie so iets nie, maar handhaaf dat die apostels self die Sondagviering ingestel het, en dat ons dit deur tradisie van hulle ontvang het," getuig Johannes Meiler, Rektor van St. John's Church, Healdsburg, Cal.

Die *Catholic Dictionary*, deur Addis en Arnold, siteer Openb. 1 : 10; Hand. 20 : 7; 1 Kor. 16 : 1 en 2 en sê: Hierdie tekste „dui aan dat Sondag alreeds 'n heilige dag was waarop dade van liefde by uitstek geskik was. Hebr. 10 : 25 toon dit duidelik dat die Christene, toe die Sendbrief geskryf is, gereelde dae vir samekomste gehad het. Die Skriftuurlike verwysings soos hierbo aangegee, toon aan *dat die Sondagviering begin het in die tyd van die apostels;* maar al sou die Skrif ook hieroor geswyg het, sou die tradisie die saak bo alle twyfel gestel het."

Alle Rooms-Katolieke sowel as al hul Kategismusse stem in hierdie opsig ooreen, nl. *dat die verandering deur Christus en die apostels teweeggebring is.* Maar dit verskil heeltemal van die bewering dat *die pous* die verandering enkele honderde jare ná Christus gemaak het. Dit is 'n voorbeeld van die wyse waarop Adventiste die bronne wat hulle gebruik, verdraai.

*

*Uit die bostaande is dit baie duidelik dat die Christusgelowiges reeds lank voor die uitvaardiging van die wet deur Konstantyn en lank voor die bestaan van die pousdom die Sondag gevier het tot eer van die opgestane Christus, die Verlosser en Saligmaker.* — Vert.

[12]) *Catholic Christian Instructed,* bl. 209.

Vir meer getuienisse sien ons boek: *Sekte-vraagstukke.*